NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
alkmaar
'n Gemeente wat omgee

Bulletin
3 & 10 Oktober 2021

WIE SÊ VIR JOU JY IS 'N GELOWIGE?

"Moenie vir my sê jy is 'n gelowige nie; laat ek vir jou sê jy is een." Dit het ek iemand een keer hoor sê. Hy het bedoel ons geloof moet so duidelik sigbaar wees in alles wat ons doen dat ander mense dit maklik moet raaksien. Maar die feit is: dit gebeur nie aldag nie. Soms dra ons lewensboom nie goeie vrugte nie. Ons is nie altyd goeie advertensieborde vir God se liefde nie. Kleivoete is een van die minder aangename realiteite van ons elkeen se geloofslewe. Nee, dit is nie 'n verskoning nie. Dit is net wat dit is. Natuurlik hoort dit nie so nie. Maar dit is in sulke tye dat ons juis ook agterkom hoe genadig die Here met ons elkeen is.

As ons val, kom tel God ons elke slag op, soos wat Psalm 37 sê. Nee, Hy is nie blind vir ons oortredings nie. Ons sondes dra nie Sy goedkeuring weg nie. Alles behalwe. Maar die Here skryf ons nie summier af as ons struikel nie. Of as ons geloof klein is nie. Nooit hou ons op om Sy kinders te wees nie. Christus het veels te duur betaal vir ons elkeen, wat Hom aanroep as ons Heer, dat ons ooit uit Sy hand kan val. Hy weier om ons aan onsself oor te laat. Ons is Syne vir tyd en ewigheid. In 1 Johannes 3:1 sê Johannes dit padlangs: "*Kyk net watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God. En ons is dit ook.*" Dit is ons hoop en ons anker. God self sê in Sy Woord vir ons: "*Laat Ek vir jou sê wie jy is: Jy is my kind!*"

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

SONDAG 3 OKTOBER

- Biddag vir Bejaardes
- Erediens Alk: 09h00; Ngd: Geen aanddiens nie

SONDAG 10 OKTOBER

- Bediening aan die Jode
- Erediens: Alk: 09h00, Leraar ds Marius Crouse
- Ngd: Geen aanddiens nie

SONDAG 17 OKTOBER

- Biddag vir Gesondheidsdienste; Kategese begin
- Nagmaal Alk: 09h00; Ngd: 18h00

SPESIALE FOKUS IN OKTOBER:

DANKBAARHEIDSMAAND (TIENDEMAAND)

Oktobermaand is dankbaarheidsmaand, ook die **tiendemaand** van die jaar en daarom word ons opnuut daaraan herinner om 'n volle tiende te gee vir die werk van die Here. (Maleagi 3:10). Vir hierdie bo-en-behalwe offergawes is wit tiende-dankoffer koeverte beskikbaar by die deure/inligtingshoek. Handig in by die eredienste, of vir 'n direkte inbetaling, meld asb. 10de en u naam as verwysing. U is welkom om ook van SnapScan gebruik te maak.

STEUN

Die Steundiensgroep se aksies is o.a. Eiendom, Finansies, Kommunikasie, Personeel en Administrasie wat dus 'n ondersteuningsdiens bied aan die gemeente. **Indien u by hierdie diensgroep betrokke wil raak,** kontak asb. die Steundiensgroepleier Danie Swart of die kerkkantoor.

DEUROFFERS: INSTANDHOUDINGSFONDS

Instandhouding aan geboue en terrein is voortdurend noodsaaklik. Alle bydraes hiervoor sal hoog op prys gestel word. Kontak die Steundiensgroepleier.

Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005
Verwysing op inbetalings: **DO** vir dankoffers, **10de** vir tiendemaand (Okt), **GO** vir geloofsoffers (sending/evangelisasie) + u **naam**. SnapScan:

Kontak ons gerus:

Leraar: Johannes vd Merwe 074 142 3456; ephesians321@me.com
Kerkkantoor: Gladys Grobler 082 261 0371; ngkerk@alkmaar.co.za
Fasiliteitebeampte/Koster: Alk: Johan Delport 083 785 6117
Koster: Ngd: Madelein Venter 083 607 0728
Sendeling: Koos Kriel 084 500 1082; kooskriel40@gmail.com

Inligting op webblad:

Besoek gerus ons gemeente webwerf: www.alkmaar.co.za vir o.a. die nuutste bulletin, nuusbrief, inligting, kwartaaltema, asook skakels na oordenkings en preke, ens. Kry ons ook op Facebook.

Eredienste:

U is welkom om die oggenddiens om 09h00 te Alkmaar by te woon. Die nodige protokol word gevolg met o.a. maskers dra, distansiëring, handsanitasie, temperatuur neem en 'n teenwoordigheidsregister voltooi. Aanddienste te Ngodwana hervat na die skoolvakansie op 17 Oktober 2021.

Vergaderings:

Di.	12 Okt	09h00	Steun
Do.	14 Okt	18h30	Herderleiers & Toerus
Do.	21 Okt	18h00	Evangelisasie
So.	24 Okt	10h30	Jeug (Alk), Aanbidding (Alk)
So.	31 Okt	10h30	Sorg (Alk), Gemeente-aksies
Ma.	22 Nov	18h00	Kerkraad

Diensgroepbegrotings vir volgende jaar 2022/2023 moet asb. met hierdie vergaderings aandag geniet.

Bulletin

3 & 10 Oktober 2021

"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhé.
Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê." Johannes 13:34

VOORBIDDING

▣ **Kom bid saam:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08h45 en **na die aanddiens** by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **Gebedskassie by i-hoek:** Plaas gebedsversoeke gerus in die toesluitkassie, persoonlike of ander behoeftes waarvan jy weet. Ds. Johannes hanteer dit persoonlik.

▣ **Gebedsaksie:** Wil jy by die gemeente se Gebedsaksie betrokke raak? Skakel / sms dan asb. vir Marlize Nel (082 465 8921) of vir ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **Meegevoel:** Innige meegevoel met die familie van tannie Mollie Albertyn wat oorlede is, asook met Sanet Botha en familie met die afsterwe van haar ma Riekie Degenaar.

▣ **Siekes:** Mari en Dawie Bosman, Sarie en Freek Esterhuizen, Ester van Wyk, Jeanette Lyon, asook ander lidmate se gesondheid.

▣ **Ander siekes:** Adri Kleinhans (ma), Frank en Estie Erasmus se kleinseun Mico, Nico Botha, Estie Erasmus se suster Rettie, Magda vd Merwe se broer Louis, Lynette Behrens (suster), Andries Nel, Marlize Nel (ma), Magda Beyleveldt (ma), Hennie Marais (Barberton), Dian Meyer.

KATEGESE (ALKMAAR EN NGODWANA)

Met die huidige inperkingsmaatreëls gaan eredienste voort en kategese word aangebied Sondae na die oggenddiens te Alkmaar en te Ngodwana om 17h00 (voor die aanddiens). Kategese hervat weer na die skoolvakansie op 17 Oktober 2021.

MANIERE OM OFFERS TE GEE

Baie dankie vir lidmate wat getrou dankoffers gee. U word versoek om seker te maak en veral te kyk na herhalende internetbetalings wat jaarliks hernu moet word. Maandelikse dankoffers kan gedoen word per debietorder; elektroniese oorbetaling; met u selfoon via ons gemeente se snapscan kode. Die snapscan kan ook Sondae vir eredienskollekte gebruik word.

KWARTAALTEMA

Ons werk deur die Markus-evangelie en die oordenkings sluit ook daarby aan.

INSTANDHOUDINGSDAG

LW dat die instandhoudingsdag soos op die kalender vir 23 Oktober 2021 afgestel word. Indien u enige hulp op die terrein of geboue wil aanbied, kontak asb. die Steundiensgroepleier Danie Swart of die Fasiliteitebeampte.

VERJAARSDAE

5e Charise Ross ALK
6e Lizette van der Merwe BRON
7e Unali du Plessis NGD
8e Zehané Fourie NST, Mark Nel BURN, Stoney Steenkamp NGD
9e Pieter Nel ALK
11e Guy Jenkinson NGD, Clive Pannell NGD, Susan Viljoen ALK
12e Brigitte Lombard NGD, Jan van den Bergh NST, Mia van Wyngaardt NST
13e JT Laubscher BURN, Hedley Potgieter NGD
14e Mathys Swart SCHAG
15e Rethie van der Merwe HB-HOEK, Nicole Verster NGD, Jaco van Schalkwyk NGD
16e Leon de Villiers SCHAG, Jeanette Nel SCHAG, Ernst van der Merwe BURN

Gods rykste seën, baie geluk!

GELEENTHEDE TOT DIENS

Kerkraadslede vakant

Van ons kerkraadslede is reeds heelwat jare op die kerkraad en wil graag veral jonger lidmate die kans gee om deel van die gemeente se leierskap te word. Daar is dus geleenthede vir lidmate om verkies te word, of as u graag self wil aanbied, om as leiers van diensgroepe op te tree as:
Diakens - Aanbidding (Alk), Aanbidding (Ngd), Evangelisasie
Ouderlinge - Jeug (Ngd).

Diensgroepe en aksies

U kan ook na gelang van u gawes en belangstellings betrokke wees in verskeie aksies wat deel is van 'n spesifieke diensgroep *(meer inligting is ook teen die bord by die inligtingshoek)*.

Ons kort veral 'n **finansiële aksieleier** wat ook die Steundiensgroep– en kerkraadsvergaderings bywoon en aan die gemeente terugvoer kan gee.

Navrae: kerkraadslede, leraar of kerkkantoor.

BRANDSKADE BY ELANSHOEK

VGK gesin se huisie het afgebrand en die gesin het alles verloor. Enige skenkings, huisraad, kos ens. sal waardeer word. Klere word ook benodig vir die pa en ma met drie dogters (12jr, 7jr, 19mde). Kontak asb. die leraar.

GELEENTHEDE

So.	14 Nov	09h00	Belydenisaflegging te Alkmaar
So.	21 Nov	17h00	Kategese-afsluiting
So.	28 Nov	09h00	Kerssangdiens (Alk)